NG Kerk Springs-Oos Doopdatum:_______________

# DOOPVORM

Voltooi bladsy 1 & 2 van die vorm so volledig moontlik en besorg terug aan die kerkkantoor of leraar. Bladsy 3 & 4 moet u asseblief deurwerk voor die doop-kategese plaasvind. U sal ongeveer 'n week voor die doopdag gekontak word met die oog op doopkategese.

**Deel 1: Persoonlike Besonderhede**

1. Vader: Van: .......................................... Noemnaam: ...............................................

   Volle name: .........................................................................................................

   Telefoonnommers: ........................................... Geboortedatum: ....../....../20.....

   ID nommer: ................................................

   Is u lidmaatskapbewys (attestaat) huidig in Springs-Oos? ................ Indien nie, in watter gemeentes kan ons dit soek? ..................................................................

   Woonadres: .........................................................................................................

2. Moeder: Nooiensvan: ..................................... Noemnaam: ..........................................

   Volle name: ........................................................................................................

   Telefoonnommers: ........................................... Geboortedatum: ....../....../20.....

   ID nommer: ..................................................

   Is u lidmaatskapbewys (attestaat) huidig in Springs-Oos? ................ Indien nie, in watter gemeentes kan ons dit soek? ..................................................................

   Woonadres (slegs as dit van die vader verskil) .............................................................

3. Wie bring die kind ten doop? (Omkring)

   Ouers Pa Ma Ander (Spesifiseer) ..................................................................

4. Huwelikstaat van ouers? (Omkring)

   Getroud Geskei Ongetroud Ander: (Spesifiseer) ..........................................

5. Besonderhede van die kind/ers wat ten doop gebring word:

   - Volle Naam en Van: ..................................................................................

   Noemnaam: ........................................ Geboortedatum:...........................................

   ID nommer: ...........................................

   - Volle Naam en Van: ..................................................................................

   Noemnaam: ........................................ Geboortedatum: ...........................................

   ID nommer: ...........................................

6. Noemname, ouderdomme en ID nommers van ander kinders ..............................................

...................................................................................................................................

Kerkkantoor: 087 702 3452 e-mail: marlene@ngksprings-oos.co.za

…………………………………………………………………………………………………………………………

**DEEL 2: PERSOONLIKE OORTUIGINGS EN VERKLARINGS**

Die persoon of persone wat die kinder/ers ten doop bring moet **persoonlik** hierdie bladsy voltooi!

1. **Vader**: As u u kind wil laat doop, voltooi dan asseblief die volgende vrae:
   - Is u daarvan oortuig dat u:
     - U verantwoordelikhede as hoof van die huis nakom? ……………………………………
     - Lewe soos wat God in sy Woord voorskryf? ………………………………………………
     - U christenskap so uitleef dat u kind u voorbeeld in alles kan navolg? …………………
   - Hoeveel keer per maand woon u eredienste by? ………………………………………………

     Is daar omstandighede wat kerkbywoning bemoeilik? ………………………………………
   - Op watter manier hou u huisgodsdiens?……………………………………………………………
   - Wat sien u as 'n pa se grootste verantwoordelikheid ten opsigte van sy gesin?…………

     ……………………………………………………………………………………………………………

2. Moeder: As u u kind wil laat doop, voltooi dan asseblief die volgende vrae:
   - Is u daarvan oortuig dat u:
     - U verantwoordelikhede as ma & vrou in die huis nakom? …………………………………
     - Lewe soos wat God in sy Woord voorskryf? ………………………………………………
     - U christenskap so uitleef dat u kind u voorbeeld in alles kan navolg? …………………
   - Hoeveel keer per maand woon u eredienste by? ………………………………………………

     Is daar omstandighede wat kerkbywoning bemoeilik? ………………………………………
   - As u 'n enkelouer is: Op watter manier hou u huisgodsdiens?

     ……………………………………………………………………………………………………………
   - Wat sien u as 'n ma se grootste verantwoordelikheid ten opsigte van die gesin?

     ……………………………………………………………………………………………………………

3. Indien u ander kinders het, sien u toe dat hulle gereeld kinderkerk / kategese bywoon?
4. *Ons verklaar hiermee dat ons opreg begeer om ons kind ten doop te bring en dat ons onderneem om daagliks vir ons kind te bid, verantwoordelikheid vir sy/haar geestelike versorging en begeleiding te neem en om self elke dag en in alle omstandighede ware voorbeelde van Christenskap vir hom/haar te wees.*

   *Geteken te ……………………………… op (datum)………………………………… deur*

   *Vader: ……………………………………………   Moeder: ……………………………………………*

Kerkkantoor: 087 702 3452   e-mail: marlene@ngksprings-oos.co.za

## DEEL 3: 'N HERINNERING

Om 'n waardige ouer te wees moet ons onsself geduring afvra of ons nog op God se standaard is en of ons getrou is aan ons belydenis en beloftes. Hier is die belydenis wat ons elkeen afgelê het. Lees dit gerus deur as herinnering en gebruik die geleentheid om jouself te evalueer.

1. **Ek glo** dat die leer soos in die Ou en Nuwe Testament en in die artikels van die Christelike geloof vervat is en in die kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is;
2. **Ek beloof** om as lidmaat van die gemeente van Christus deur sy genade in hierdie belydenis van die leer tot die einde van my lewe te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk, te verwerp;
3. **Ek bely** dat die Here Jesus Christus my persoonlike Verlosser is, en dat ek Hom liefhet.
   **Ek beloof**: > om Hom te dien,
   > sy Naam getrou te bely voor die mense, en
   > om aktief aan die werksaamhede van die kerk deel te neem.
4. **Ek beloof** dat ek my sal onderwerp aan die kerklike opsig en tug.

Is jy nog getrou aan die beloftes? Is jou lewe van so 'n aard dat God jou kan vertrou met die geestelike begeleiding van jou kind? As jy lou geword het, weet jy waarom dit so is? Sien jy kans om jou lewe weer met God reg te maak?

Luister wat die Woord sê:

Hebr. 10:36: Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het.

Jes. 1:18: Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu.

Ps. 103:13: Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom dien.

## DEEL 4: EK, MY DOOPBELOFTE EN MY KIND.

In Psalm 78:3,4 lees ons 'n baie belangrike beginsel wat in verband met die doopbelofte wat ouers aflê, gebring kan word. Daar staan: "Wat ons gehoor het en wat ons weet ons vaders ons vertel het, sal ons vir ons kinders nie verswyg nie. Ons sal aan die volgende geslag vertel van die roemryke dade van die Here". Die ongelooflike van dit is: *God wil ons as ouers*

*vertrou om waardige en effektiewe geestelike begeleiers van ons kinders te wees.* Anders gestel: God wil ons gebruik om ons kinders dissipels (volgelinge van Jesus) te maak en om hulle alles te leer wat Jesus beveel het (Matt. 28:19,20). Natuurlik kan 'n mens dit alleen doen as jyself 'n toegewyde dissipel van die Here Jesus is.

**BY DIE DOOP IS BASIES DRIE PARTYE BETROKKE: GOD, DIE OUERS EN DIE KIND.**

Kortliks kan ons dit as volg uiteensit:

| **GOD** |
|---|
| Wil nie dat een mens verlore gaan nie – sluit 'n verbond met ouers.<br>Beloof bystand aan ouers.<br>Beloof om daar te wees vir die kind- ouers moet kinders dit vertel. |

| **OUERS** | **KIND** |
|---|---|
| Beloof aan God om kinders na die Here Jesus te begelei deur woord en daad.<br>Ouers is primêr vir kinders se geestelike versorging verantwoordelik - word deur die kerk bygestaan. | Word deur die doop en geloof van die ouers aan Christus verbind en is nou geestelike versorg.<br>Moet later self kies om Jesus te dien en volg. |

Tydens doopkategese sal ons meer volledig hierna kyk.

**DIE DOOPBELOFTE**

Die doopbelofte bestaan uit drie vrae. Lees dit deur en maak seker dat jy/julle dit met vrymoedigheid en opregtheid (en nie uit bygelowigheid of gewoonte nie) kan antwoord:

- Eerstens: Bely jy/julle dat jy/julle in die Here Jesus glo en dat jy/julle Hom liefhet?
- Tweedens: Glo jy/julle dat God die inisiatief neem in die verlossing van jou/julle kind en dat jou/julle kind aan die Here behoort?
- Derdens: Beloof jy/julle om jou/julle kind in die weë van die Here en sy Woord te onderrig en ook om die kerk toe te laat om jou/julle in die begeleiding by te staan?

**TEN SLOTTE**

✞ Dit is die geld werd om te belê in goeie geestelike boeke oor ouerskap.

✞ As ons as ouers nie begin om 'n geslag geestelik gebalanseerde kinders groot te maak nie sal ook hulle deel word van stukkende huwelike en gesinne. God maak op ons staat!

Kerkkantoor: 087 702 3452 e-mail: marlene@ngksprings-oos.co.za

- ✞ Met God se hulp is gesonde ouerskap moontlik. Onthou Psalm 127:1 "As die Here die huis nie bou nie, swoeg die wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak die wat dit beskerm, tevergeefs".
- ✞ Maak tyd om na die volgende Skrifgedeeltes te kyk: Deuteronomium 4:9 & 11:19; Psalm 127:3; Spreuke 13:14 & 29:17; Maleagi 2:15; 1 Korintiërs 7:13-14; Efesiërs 5:22-33 en 6:4.